

Vuk'uzenzele

Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English / Afrikaans

October 2020 Edition 2



**University
students
return
to campus**

Page 4



**How to
prevent
teenage
pregnancy**

Page 7

State land to be leased

Government will, in the next two weeks, advertise thousands of hectares of available State land for lease, as the country accelerates its land reform programme.

Detailing how the process will unfold, Agriculture, Land Reform and Rural Development Minister Thoko Didiza says during this period, government will issue advertisement notices of 896 farms measuring 700 000 hectares (ha) of underutilised or vacant State land in the following provinces:

- The Eastern Cape has received an allocation of 43 000 ha.
- Free State and KwaZulu-Natal have been allocated 8 333 ha and 3 684 ha, respectively.
- Limpopo will disburse 121 567 ha to beneficiaries.
- Mpumalanga will receive 40 206 ha.
- The Northern Cape and North West will, respective-



ly, release 12 224 ha and 300 000 ha.

No land will be advertised in Gauteng and the Western Cape.

Addressing media recently, Minister Didiza says notices

will be placed on local, district and provincial newspapers, websites and local radio stations.

Application forms will be made available at the district

offices and provincial offices of the Departments of Agriculture, Land Reform and Rural Development, as well as municipal district offices.

Both successful and un-

successful applicants will be informed of the outcome in writing. The Minister says unsuccessful applicants will have an opportunity to register their appeals with the Land Allocation Appeals Committee.

Land Allocation Enquiry Process

Outlining the Land Allocation Enquiry Process, Minister Didiza says this will be ongoing on State land that is already occupied without formal approval from the department.

"Such enquiry will assess farms that have been acquired through the Proactive Land Acquisition programme. The land enquiry will investigate and determine how individuals and communities, who are currently occupying the land, got access to it," she says.

The enquiry is also expected to look at how the land is currently being utilised and whether such use is in accordance with the agricultural practices for the area.

Where such land has been used for settlement Minister Didiza says an assessment will be done, together with the departments of Human Settlements, Water and Sanitation;

Cont. page 2



To read Vuk'uzenzele download the GOVAPP on:



Search for SA Government on Google playstore or appstore

CONTACT US

Website: www.gcis.gov.za
www.vukuzenzele.gov.za

Tshedimosetso House:
1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 00083



Vuk'uzenzele



@VukuzenzeleNews

Email: vukuzenzele@gcis.gov.za
Tel: (+27) 12 473 0353

FREE COPY NOT FOR SALE



"DIT IS NOU TYD DAT ONS ALMAL TER ERE VAN NELSON MANDELA MOET SAAMWERK OM 'N NUWE, BETER SUID-AFRIKA VIR ALMAL TE BOU."

PRESIDENT CYRIL RAMAPHOSA

#SendMe

LAAT JOU TOEKOMS BETER WEES
LEER VAN MADIBA



Transformasie van die landbousektor

Die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling (DLGLO) het onlangs aangekondig dat lede van die publiek aansoek sal kan doen om 700 000 hektaar onderbenutte of leë staatsgrond in sewe van die provinsies te huur.

Landbougrond is die hoofsteun van ons natuurlike hulpbronbasis. Die beskikbaarheid en volhoubare gebruik van landbougrond waarop gewasse aangeplant kan word en vir veeteelt is van kardinale belang vir ons oorlewing.

Suid-Afrika het wyd uitgestrekte grondoppervlakte wat geskik is vir landbouproduksie, met net 37,9% van ons totale landoppervlakte wat tans vir kommersiële landbou gebruik word.

Ons bewerkbare grond word, soos in baie ander lande, bedreig deur grondverswakking, waterskaarste en stedelike indringing. Ons verloor ook puik landbougrond deur veranderings in grondgebruik.

Gegewe ons geskiedenis, is die verbreding van toegang tot landbougrond vir kommersiële produksie en bestaansboerdery, 'n nasionale prioriteit.

Hoewel die grondhervormingsproses na 1994 daartoe gelei het dat meer grond aan swart Suid-Afrikaners teruggegee en herstel is, leef die skadelike uitwerking van die Wet op Naturelle Grond van

1913 steeds voort in patronen van landbougrondeienaarskap.

Die Wet het baie verder gestrek as die onteiening van miljoene mense se voorvadersgrond.

Die uitwerking van ons verlede duur steeds voort deur grondeienaarskap wat steeds meestal in besit van die minderheid is, en landbou primêre produksie en waardekettings wat hoofsaaklik deur wit kommersiële boere besit word.

Die voortgesette monopolisasie van 'n belangrike produksiemetode soos grondverwerking, is nie net 'n hindernis tot die bevordering van 'n meer gelykmakende samelewing nie; dit is ook 'n resep vir maatskaplike onrus.

Die hunkering na grond om te bewerk neem toe, veral onder arm landelike mense. En die tempo van grondhervorming in dié spesifieke sektor is, om verskeie redes, stadig en onbevredigend.

Transformerende patronen van landbougrondeienaarskap is noodsaaklik om nie net die geskiedkundige ongeregtighede van die verlede die hoof te bied nie, maar ook om ons nasie se voedselsekerheid, te beveilig.

Volgens die 2019 verslag van die Presidensiële Raadgewende Paneel oor Grondhervorming en Landbou, "het 41% van mense in ons landelike gebiede en 59,4% in stedelike gebiede in ons land ernstige onvoldoende toegang tot voedsel, hoewel ons voedsel



uitvoer".

Landbouhervorming was sedert demokrasie 'n prioriteit van opeenvolgende regerings.

Tussen 1994 en Maart 2018, het die staat deur die grondhervormingsprogram 8,4 miljoen hektaar grond aan voorheen benadeelde individue gelewer. Vordering beloop egter minder as 10% van alle kommersiële landbougrond.

In my Staatsrede vroeër vanjaar, het ek my daartoe verbind om landbougrond wat deur die staat besit word binnekort vir boerdery beskikbaar te stel. Dit is 'n belangrike mylpaal in die landbouhervormingsproses en gee uitvoering aan die Vryheidsmanifes se belofte dat die grond onder diegene wat dit bewerk, verdeel sal word.

Ons herverspreidingsvisie poog om die regte balans tussen maatskaplike ongeregtigheid en regstelling te vind en om landbou-uitsette te bevorder deur meer swart

boere tot die hoofstroomekonomie te laat toetree.

Grond is 'n produktiewe bate wat wins genereer en vir kollateraal gebruik kan word om ander bates te verkry.

Ons moet ook verseker dat grond wat vir boerderydoeleindes verkry word, produktief gebruik word. Om die toegekende stuk grond vir boerderydoeleindes te beskerm, is die huurreg nie oordraagbaar nie. Begunstigdes sal 'n huurkontrak met die staat teken en 'n huurfooi wat in ooreenstemming met die grondwaarde is, betaal.

Ons moet ook verseker dat boere op die pad na volhoubaarheid en winsgewendheid ondersteun word.

As deel van die program, sal begunstigdes opleiding in finansiële bestuur en ondernemingsontwikkeling ontvang. Ervaring het getoon dat opkomende en kleinskaalse boere dikwels nie die finansiële vaardighede het om markgeleenthede te benut en

met waardekettings te integrer nie.

Ons prioritiseer vroue, die jeug en mense met gestremdhede as begunstigdes.

Daar is bewysbare sukses met die bemagtiging van vroulike boere onder die bestaande Proaktiewe Grondverkrygingstrategie (PGVS).

Vroue aan wie plase in verskeie provinsies deur die DLGLO toegeken is, kon dit suksesvol bestuur en kon selfs na kommersiële produksie oorskakel. Die departement belê ook, buiten grondverkryging self, in infrastruktuur, toerusting en masjinerie om dié entrepreneurs in staat te stel om suksesvolle besighede te bedryf.

Verhoging van toegang tot grond en boerderygeleenthede sal werkskepping en ondernemingsontwikkeling ondersteun en die mark vir voedsel, landbougoedere en -dienste, verbeter.

Die uiteindelike doelwit van die beskikbaarstelling van dié grond, is om die landboulandskap te transformeer deur 'n nuwe generasie boere te ontwikkel. Die verhuring van grond onder sulke gunstige toestande moet hulle aanspoor om groot planne te hê; om nie net hul eie ondernemings te ontwikkel nie, maar om gedeelde rykdom en voorspoed in die gemeenskappe waar hulle boer, te bevorder.

Hulle moet die ernstige verdeling van ons verlede genees. Hulle moet die stereotipe siening dat net wit boere in Suid-Afrika kommersieel suksesvol is en dat swart boere aanhoudend 'opkomend' is, uit die weg ruim.

Deur die grond te bewerk en dit produktief te maak, sal hulle inderdaad swaarde in ploegskare verander. Hulle sal die simbool van nasionale versoening word.

So kan tieners onbeplande swangerskap verhoed

OM SWANGER te raak

as 'n tiener, sal die res van jou lewe beïnvloed, maar daar is maniere om jouself teen onbeplande swangerskappe te beskerm.

Daar is verskeie maniere om tienerswangerskap te verhoed, insluitend om te kies om nie seks te hê totdat jy getroud is of gereed is om kinders te hê nie.

Sommige mense dink dat onthouding (om te kies om nie seks te hê totdat jy getroud is nie) ouderwets is, terwyl ander dink dat dit moreel die beste ding is om te doen. Tieners moet egter vir hulself besluit.

Baie mense wil nie wag totdat hulle getroud is voordat hulle seks het nie. Hulle wil ook nie enigets oorhaastig doen en foute maak wat hulle duur te staan sal kom nie. Hulle besluit dikwels dat dit die beste besluit is om seks uit

te stel totdat hulle ouer is, meer verantwoordelik is, in 'n stabiele verhouding is met een maat en 'n werk het.

Daar is ook ander dinge wat jy kan doen om jouself te beskerm as jy onthouding kies of kies om seks uit te stel:

- Kies jou vriende versigtig. Vriende behoort jou beste belang op die hart te dra en jou besluit om nie seks te hê nie, te respekteer.
- Wees versigtig vir situasies wat onveilig kan wees, soos vriende wat drink of dwelms gebruik, wat tot onveilige seks kan lei.
- Wees versigtig vir maats wat vir jou sê dat jy saam met hulle sal slaap as jy hulle lief het.
- Luister na en leer van jou ouers oor hulle lewenservarings.

As jy besluit dat onthouding en om seks uit te stel nie die beste keuses vir jou is nie en jy eerder nie wil wag nie, moet jy tyd maak om oor beskerming te leer, insluitend voorbehoeding, wat beteken jy gebruik 'n metode (meganies of chemies) om swangerskap te verhoed.

Daar is verskeie voorbe-

skap ervaar het. Hulle weet wat die foute en nadele behels.

- Luister na en leer van jou ouers oor hulle lewenservarings.

hoedmiddels wat op verskillende maniere werk om swangerskap te verhoed. Dit sluit in voorbehoedmiddels wat mondelings geneem word, bekend as 'die pil'; voorbehoedmiddels wat ingespuit word; en manlike en vroulike kondome.

Wat kan ek doen as ek swanger raak?

As jy dink dat jy dalk swanger is, neem iemand wat jy vertrou saam met jou na jou naaste kliniek om 'n swangerskaptoets te laat doen.

Voorbeoordelelike sorg (om na jou ongebore baba om te sien) is belangrik en begin gewoonlik op agt weke. Jou plaaslike kliniek kan jou met voorbeoordelelike sorg help en 'n gesondheidsorgwerker sal jou help om 'n plan te ontwikkel wat gepas is vir jou en jou baba.

Dit is belangrik om gesonde, voedsame kos te eet, te oefen, genoeg te slaap en dwelms en alkohol te vermy wanneer jy swanger is..

*Hierdie inligting is deur die KwaZulu-Natalse Departement van Gesondheid verskaf.



Applicants urged to appeal rejected R350 claims

The South African Social Security Agency (SASSA) has urged people to send through their appeals after experiencing an increased number of rejected applications for the R350 COVID-19 grant.

According to the agency, this is attributed to several factors such as incorrect details provided by South Africans who were applying for the grant and information received from institutions such as the Unemployment Insurance Fund and South

African Revenue Service databases.

Meanwhile, SASSA said it saw another spike in declined applications in August after it introduced an additional step in the form of a means test.

"This was done to ensure that the requirement for applicants to have no income was met," SASSA explained.

However, following engagement with the Department of Social Development, parties agreed to reconsider the use of the means test through the banks as a criterion to deter-

mine eligibility.

"This will affect the approximately 1.9 million people, who have been receiving the grant to date but who were declined in August," SASSA said.

An Auditor-General report recently identified about 30 000 undeserving applicants, who received the grant while not meeting the qualifying criteria.

"In response to this finding, SASSA reviewed and strengthened its controls with regard to the evaluation of applications," the agency said.

SASSA said applications are now considered on their merits on a month-to-month basis, meaning that an application can be approved for one month and rejected the following month if, for instance, their financial situation changed.

"This has become more prevalent with the lockdown levels easing, allowing for some sectors of the economy to return to work, and thus reducing the number of severely distressed citizens."

However, despite the reduced levels of lockdown,

SASSA said it was cognisant that the pandemic had taken its toll and many people were still without an income.

"All applicants whose applications are declined have the right to appeal against the decision," SASSA said, adding that it is currently dealing with about 60 000 appeals.

SASSA is encouraging people to send their appeals to covid19sdap-peals@sassa.gov.za. – SAnews.gov.za